Die Son
14 Februarie 2010

GESKORS: Yulanda Adams en haar man, Cedric, met 'n vorige verskyning by die CCMA.
Foto: MELVIN WHITEBOOI

Kerk skors werker oor verklarings

MELVIN WHITEBOOI

IN 'N dramatiese verwikkeling in die stryd van die werker Yulanda Adams teen die Ou Apostoliese kerk (OAK) het die kerk haar geskors.

Dít is nadat die OAK in besit gekom het van afskrifte van verklarings wat sy en haar prokureur aan die polisie verskaf het oor ongerymdhede by die hoofkantoor van die kerk.

MICHIEL BECK

Die polisie ondersoek tans ongerymdhede by die hoofkantoor.

Adams was verbaas oor hoe die kerk aan dié verklarings kon kom. Die kerk se regspan het die verklarings by die CCMA ingedien net voordat opsiener Michiel Beck en apostel Michiel van Tonder sou getuig.

Die verklarings het Adams se arbeidsaak by die CCMA negatief beïnvloed.

'n Lid van die Forum, wat uit heelparty bekommerde kerklidmate bestaan en wat in September 2009 gestig is, sê die apostolaat het subkomitees aangestel om die beweerde ongerymdhede by die hoofkantoor te ondersoek. Die apostolaat het egter geen terugvoering gegee oor die ondersoek nie.

Die Forum is juis gestig om na die belange van oningeligte lidmate om te sien.

Die Forum sê in 'n verklaring: "Volgens dokumentasie in ons besit is Adams op 14 Januarie deur opsiener Beck in die teenwoordigheid van apostel Bernard Samuel geskors oor die polisieverklarings.

"Volgens haar skorsing moet sy tydens werkure by die huis bly." Die OAK-bestuur weier om met *Sondag-Son* te praat.